

# NG Kerk Rustenburg-Suid Gedenkbylaag

NG Kerk Rustenburg-Suid • H/v Kerk- en Uniestraat • Tel (014) 592-2419



## "Vyftig jaar van genade"

- ongetwyfeld die grootste hoogtepunt in die geskiedenis van die NG Kerk Rustenburg-Suid - word hierbo pragtig uitgebeeld deur Devan Saaiman en Su-Mari Coetzee.

# Vyftigste Feesjaar Rustenburg-Suid

*Ds Sterns Pretorius*

Wanneer 'n mens 'n fees rondom 'n gemeente se vyftigste bestaansjaar vier, dan is die eerste gedagte wat by jou opkom om stil te word en die Gewer van hierdie aantal jare die dank en die eer te bring. In stilte wil ons die God wat ons tot hier gebring het, aanbid en aan Hom die lof en die eer bring.

'n Tweede gedagte by die feesvieringe is die van jubel, juig, van hartlik saam wees, lag, gesels en groot dankbaarheid in elkeen se hart.

Dankie aan elkeen wat in hierdie vyftig jaar 'n pad met die gemeente gestap het. Hoe lank die pad ook al, dit is nie belangrik nie, maar die betekenisvolle verskil en verandering asook insette wat elkeen van ons gelewer het, daarvoor dank ons die Here.

Dankie aan elkeen wat meegewerk het om hierdie Halfeeu-feesblad die lig te laat sien, die redaksie van die 50-jarige fees, die donateurs en elkeen wat in watter hoedanigheid ook al 'n bydrae gelewer het.

Die feesblad wil elkeen neem langs die kronkelpaaie van herinnering. Daar is grepe uit die geskiedenis van die gemeente, asook herinneringe van 'n klompie ouer mense. Ons is opreg dankbaar dat sommige oud-leraars wat nog in die lewe met ons is, by hierdie blye geleentheid weer eens aan die woord gestel kan word.

Die doel van hierdie feesblad is om elkeen wat dit in die hande neem en met genoegdoening lees, tot bepeinsing en dankbaarheid te stem. Mag die Hemelse Vader wat in die verlede so goed vir hierdie gemeente was, ook in die toekoms Sy genade en goedheid aan ons skenk.

Graag wil ek elkeen bedank wat regdeur dié feesjaar met ywer aan ons uitgebreide feesprogram en aktiwiteite meegewerk het. Dankie aan die komitee wat lang ure beplan en besin het, wat soms groot bekommernis in die hart gedra het (waarvan baie dalk nie geweet het nie) en elke aksie suksesvol deurgevoer het - al het dit soms onmoontlik gelyk.



Die pad vorentoe is wat ons as gemeentelede daarvan maak en hoe ons daaraan bou. Voor ons lê 'n uitdaging en hierdie uitdaging sal van ons almal geloof, hoop en liefde verg om in wysheid in Rustenburg-Suid steeds aan God alleen die eer te gee en te bely - Sola Vide - aan God die eer.



**Amanda Stols - NG-Suid se koster.**



**Ds Sterns Pretorius en die 2008 belydenisklas - 'n besondere jaar en 'n besondere klas!**

# 'n Feesoorsig

*- Kobus Bothma (voorsitter: Feeskomitee)*

Toe die Feeskomitee opdrag gekry het om die verjaarsdagvieringe te beplan, is daar besluit om dié groot geleentheid oor die hele feesjaar te versprei. Nie alleen om op gepaste wyse reg te laat geskied aan die 50ste bestaansjaar nie, maar ook omdat daar 'n nuwe geesdrif onder ons gemeente ingetree het.

Een van die doelwitte was om in die feesjaar fondse in te samel ten einde ons orrel op te gradeer. Om dit aan ons feesjaar te koppel, was 'n uitstekende idee.

Ons het afgeskop met 'n gemeentekonsert in Februarie. Dit was nogal 'n verrassing om ons gemeente se talente op hierdie wyse te ontdek!

Die volgende funksie was 'n ligte ete en 'n uitvoering deur die gewilde Arina de Witt in die Ouditorium van die Burgersentrum.

In Mei het die Koorfees gevolg waaraan verskeie skole van die omgewing deelgeneem het. Professor Awie van Wyk van die Noordwes Universiteit het as beoordelaar opgetree.

Die opkoms met die "openingsaand" van die jaarlikse basaar op Vrydag, 1 Augustus, was só verrassend dat ons gevrees het dit sou die opkoms Saterdag in die wiele ry. Maar moenie glo nie! Ons mense het in groot getalle en uit alle oorde opgeruk en die basaar was 'n fees in die ware sin van die woord.

Vanaf Februarie tot Julie het NG-Suid op Vrydae talle kosverkopings gehad. Hierdie geleenthede is goed ondersteun en het 'n aansienlike bydrae tot die basaarfondse gelewer. Daar is gereeld sommer lekker saamgekuier wanneer bestellings afgehaal is. Die spanne wat om die beurt kos voorberei het, het mekaar leer ken en die ondervinding het gehelp dat al die kosstalletjies later tydens die basaar vlot sou verloop.




**Hoogliedaand - Professor Christina Landman.**

'n Groot hoogtepunt in NG-Suid se onlangse geskiedenis was op Sondag, 17 Augustus, toe die gemeente sy opgegradeerde orrel tydens 'n luisterryke konsert in gebruik geneem het. Verskeie gaskunstenaar soos Abel Moeng, Peet du Toit, Georg Fazakas, Abri van Wyk, Eddie Davey en natuurlik ons eie orreliste, Eunice van Wyngaardt, het 'n glinsteraand tot 'n onvergeetlike gebeurtenis opgetower!

Tydens 'n dinee in September tree professor Christina Landman van Unisa as gasspreker op en lewer 'n praatjie oor Hooglied wat soms die wenkbroue laat lig en andersins vir 'n hele paar glimlagte gesorg het.

Ons 50-jaar katkisante lê op Sondag, 2 November, belydenis van geloof af en nagmaal volg op 9 November. Ons Kerssangdiens kom vanjaar op 23 November aan die beurt en op Saterdag, 29 November, kon die gemeente aansit vir die groot Fees-ete. Oud-lidmate, voormalige leraars asook sustersgemeentes is genooi om in die feesvieringe te deel en daar is in egte Weskus-en plaaskombuisstyl geëet en tot laat gekuier.



NG-Suid se feesjaar het verlede Sondag, 30 November, waarskynlik sy grootste hoogtepunt bereik met 'n spesiale Feesdiens wat deur dr Johan Pienaar, moderator van die Noordelike Sinode waargeneem is.

Die Feeskomitee wil graag elkeen bedank wat in watter hoedanigheid ook al, hul steun aan die talle feesprojekte toegesê het om van ons feesjaarprogram 'n reuse sukses te maak. Mag hierdie gemeente in die jare wat voorlê steeds floreer en voortgaan met goeie werk in diens van ons Skepper!



**Oom Theun Breytenbach - op sy pos in die pannekoekstalletjie tydens ons basaar vroeër vanjaar.**

# Só onthou ek die gemeente

*Dr Jannie Richter*



Vir meer as 25 jaar was ek bevoorreg om deel te wees van Rustenburg-Suid. By nabetragting moet ek sê dat die oorwegende gevoel wat ek oor dié verbintenis gehad het, trots was.

Laat ek dadelik sê, ek weet ek het nie die reg daartoe gehad nie (gedagtig aan Paulus se trots as "vader" van gemeentes wat hy geplant het), nog minder die gevoel dat my eie bydrae veel of enigiets daarmee te doen gehad het. Ook bedoel ek nie dat alles altyd perfek was nie of dat die gemeente volmaak was (of is) nie. Tog: ek was trots om lidmaat en leraar van Rustenburg-Suid te kon wees!

Rustenburg-Suid is (glo ek) in sy wese 'n gemeente met besondere evangeliese karaktertrekke. Daar was altyd 'n respek vir God wat diep en wyd geloop het. Die kwaliteite van geloof wat 'n gemeente God se beeld laat vertoon, was daar. Die Woord is hoog aangeslaan en die lewenswyse van die meeste lidmate is gekenmerk deur 'n nugtere, nederige, stil vertroue in God.

Onder die leierskap het ek 'n eerlike soeke na die wil van God beleef en vir die dienswerk het die Here altyd mense voorsien om te doen wat gedoen moet word - van die donkiewerk tot kreatiewe skeppings; van tegniese vaardigheid tot biddende ondersteuning. Met tye het die pad styl geraak en die weg vorentoe onduidelik. Dan het die Here soms onverwags mense gestuur wat met insig en geduld volhard het sodat die lig verder gedra kon word.

Wat my veral bybly, is die groot aantal lidmate in wie se lewens ek 'n ryke spiritualiteit kon beleef, mense met wonderlike geaardhede, mense vol liefde en wysheid.

Een van die kosbaarste geskenke wat ek met my vertrek van die gemeente ontvang het, is die groot foto waarop die gesigte van baie gemeentelede is. Kyk ek daarna, "sien" ek sommer ook gesigte wat tot my spyt nie op die foto is nie: Dié wat nie op daardie oomblik daar was nie, dié wat reeds verhuis het en dié wat ons reeds vooruit is.

Ek sien die gesigte van mense wat nie maar net my pad genadiglik gekruis het en my lewe verryk het nie, maar veral mense wat draers en deelnemers is van die weg van verlossing: Mense oor wie ek geen twyfel het nie dat hulle 'n duidelike merk in die gemeenskap maak. Dit is Rustenburg-Suid na my mening: Mense wat nie in hulself roem nie, selfs met tye onseker raak oor hulle eie waarde, wat nie hul eie sondigheid ontken nie en met ernstige probleme en siekte moet worstel, maar wat die weg van geloof met stil oortuiging bly stap. Ek onthou Rustenburg-Suid as 'n geestelik sterk en gebalanseerde gemeenskap van geloof.

My dienstermyn in Rustenburg-Suid het inderdaad gepaard gegaan met 'n era van groot kerklike verandering (elektroniese borde, stippellyn-grense, vernuwende kerklike bewegings, afname in lidmaattalle) wat die hitte soms erg opgejaag het. Dit was 'n tyd waarin ons almal diep moes delf, moes leer om na God se visie te gryp en baie op mekaar moes steun.

Een ding staan vas: Rustenburg-Suid het 'n baie groot deel van my lewe in beslag geneem. Die gemeente se impak in my lewe kan nie maklik oorskat word nie. Ek is verras, beproef, verstom, ontstel, bemoedig, beskuldig, vertroos, terneergedruk, opgewek, in geloof verdiep, ek het gestoei met hoop en wanhoop, ek het pyn en blydskap beleef, agterdog en teenstand, gemeenskap en vriendskap. My ervaring, glo ek, is ook dié van baie ander: Hiér was ek deel van 'n gemeente van God wat in 'n verwarrende wêreld deur eerlike soeke die koers moes vind na God se nuwe Ryk.

As ek dus alle herinnerings en ervarings bymekaar moes tel, is die slotsom dat God vir my baie goed was deur Sy vergunning dat ek 'n stuk van die reis van Rustenburg-Suid kon meemaak. Ek voel geëer dat ek in sulke geselskap kon wees. Ek is trots om gereken te word onder broers en susters wat die goeie stryd stry...



**Tannie Truis Botha en 'n getroue vriendin, tannie Jean Croucamp, geniet 'n koppie tee - iets wat hulle gereeld na eredienste doen.**

# Hoe ons Rustenburg-Suid onthou

*Ds MW Odendaal*

Die naam Rustenburg-Suid is een wat ek graag onthou. Ons het byna 10 jaar lank daar gebly - van die begin 1971 tot die middel van 1980.

Rustenburg-Suid is een van die wonderlikste en aangenaamste gemeentes wat daar is. Daar is soveel liefde en omgee. Daar is so 'n behoefte by baie lidmate aan die Woord van God en wat meer as dit wil 'n predikant ervaar?

Toe ek oorwerk en ongesteld geraak het, het ons dag-na-dag ervaar hoe die gemeente ons dra. Die kerkgebou was Sondae-oggende gewoonlik vol en daarmee het die gemeente prakties getoon dat hulle die Here eer en respekteer en graag wil hoor wat die Here sê.

Die Sondagskool, soos die Kategeseskool genoem is, was in die bekwame hande van mnr Dick Kruger, onderhoof van Hoërskool Bergsig. Alles het daar vlot en voortreflik verloop en ons jeug is deur die kerk onderrig in die Woord van God en opgevoed in die vrees van die Here. Die Sondagskool was sodoende die verlengstuk van die ouerhuis.

In die gemeente was een oom wat baie lief was vir die Here en daarom gereeld in die kerk was. Hy het 'n baie sterk stem gehad en só hartlik en hard saamgesing dat die hele gemeente hóm gevolg het instede van die orrel tot groot ontsteltenis van die orreliste natuurlik, wat telkens by hóm moes aanpas. Ons het mooi herinneringe aan die orreliste en die koor.

My oorlede eggenote, Hanna, was baie lief vir die mense van Rustenburg-Suid. Die Kindersendingkrans, die jong dogters, die Vrouevereniging en die Bybelstudie het onder haar geval. Dit was vir haar 'n belewenis wat sy nooit vergeet het nie. Hier moet genoem word dat sy en mev Jacobs baie mooi en goed saamgewerk het. Sy het groot respek vir mev Jacobs gehad.

In 'n stadium het ek 'n plasie in die berge gekoop om soms daar te ontspan. Toe die behoefte vir soiets by die kerk van Noord-Transvaal ontstaan het, het ek 'n gedeelte aan die kerk geskenk op voorwaarde dat die kerk net my koste daarop aan my sal terugbetaal. Vandag is die plek bekend as "Oppieberg" en ek vertrou dat Rustenburg-Suid steeds daarvan gebruik maak.

Die tweede pastorie het net so 'n interessante geskiedenis. Toe my bejaarde moeder by ons sou kom woon, het ek by die kerkraad toestemming gevra om my eie huis te bewoon. Hulle het toe die Boshofstraat-pastorie verkoop en ek het die huis in Joubertstraat gekoop.

Toe ek in 1978 besef dat ek in 1980 sal uittree en dit die kerkraad met 'n tekort aan 'n tweede pastorie sal laat, het ek gevra dat daar langs die pastorie vir ds Jacobs 'n tweede pastorie gebou moet word. Die plan van die eerste pastorie is toe geneem en met 'n paar wysigings is die tweede pastorie gebou.

Ds Jacobs, ons medeleraar, was 'n voortreflike prediker. Daar is nie een enkele preek van hom waarvoor ek nie 'n A+ sou toeken nie. Mev Jacobs was 'n baie inskiklike, vriendelike mens, onderwyseres en goeie orreliste.

Baie geluk aan Rustenburg-Suid met julle 50ste verjaarsdag - julle het mooi geloop! Mag die Here julle seën op die volgende skof!



**Erik en Nellie Boucher is op 3 Mei 1969 in NG-Suid getroud. Ds Jacobs was toevallig siek - toe moes sy skoonvader, ds Stander, die plegtigheid waarneem.**

## Redaksie sê dankie

Die redaksiespan van hierdie Gedenkbylaag was Waldie Volschenk, Carel van Heerden, Jeanette van Heerden en Linda Grobler. Ons bedank almal wat ruimskoots bydraes gelewer het tot hierdie stukkie trotse geskiedenis. Die uitleg is gedoen deur Ronél Rainier en Hilda Odendaal. Die Gedenkbylaag is tegnies voorberei en gedruk deur die Rustenburg Herout, Coetzerstraat 13, Rustenburg.

# Vyftig jaar: 'n Warm onthou!

*Dr Gavin Meistre*

Die tyd stap aan en Rustenburg-Suid word 50! Dis 'n groot geleentheid van herinnering, feesviering en dankbaarheid. Ons (ek en Elfriede) en Suid is ouderdomsgewys in dieselfde portuurgroep - ons is nog so 'n kortkop voor Suidgemeente.

As 'n mens ouer word, word jy al meer bewus van die pad waarlangs jy geloop het. Ons word ook bewus van die Here se voorsiening vir ons elke dag. Petrus beskryf dit só:

"Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur Sy heerlikheid en mag".

Ons pad het ook langs die voetheuwels van die Magaliesberge geloop - vanaf 1990 tot 1994. Rustenburg-Suid was 'n besondere deel van God se voorsiening in daardie tyd toe ons nog jonk was - 'n stukkie lewens-verryking van mense en geleenthede wat in ons harte 'n vuurwarm-onthou bring. Dis waar ons kinders hul eerste treë op skool geneem het en ons net die Here se genade en die mense om ons geniet het.

Intussen het die tyd aangestap: Baie mense van daardie tyd is nie meer met ons nie, nuwe mense en nuwe geleenthede het gekom en gegaan. Ook ons het verder gestap op vreemde paaie, waar ons steeds die voorsienende Hand van God ervaar het. Daarom is vyftig jaar 'n mylpaal waarop ons kan terugkyk, kan opkyk maar ook vorentoe kan kyk.

Dankie dat ons iewers deel kon wees van die 50 jaar. Dankie vir vriendskap, vreugde en goeie verhoudinge. Dankie vir baie warm herinneringe. En as die jare verder aanstap, is dit ons gebed dat die lewende waters altyd sal bruis by NG-Suid en dat elkeen wat daar verby kom, vir altyd aangeraak en vernuwe sal word deur daardie lewende waters, want so was dit met ons...

Die Here hou Sy hand oor Rustenburg-Suid.

*(Gavin en Elfriede Meistre, Charise, Cobus en Chazé en Lenke)*



**Dr Gavin en Elfriede Meistre en gesin.**

# Só maak ons met Diensverhoudinge

*- Louis Siemens (voorsitter: Diensverhoudinge)*

Waar begin 'n mens as jy jou bediening sterker op mense en verhoudinge wil instel? Dit sal 'n ingesteldheid met minstens vier onderskeibare momente of fasette van ons vra. Ons sal moet:

* Deel wees van - dit beteken in die eerste plek dat ons ons lewensverbondenheid aan die geloofsgemeenskap sal verstaan, ook in die sin dat ons meer by hulle as teenoor hulle posisie sal inneem;

* Deel wees by - dit beteken dat ons ook fisies tyd met mense sal deurbring en op 'n manier tussen en saam met hulle sal leef;

* Lief wees vir - al dié dinge sal ons net kan doen as ons werklik begin omgee vir mense, waardering vir hulle kry en hulle belange op die hart dra tot op die punt waar ons bereid is om uit ons pad te gaan om hulle te help en te akkommodeer;

* Geesdriftig wees oor - om opgewonde te raak oor mense omdat ons die moontlikhede begin raaksien van dit wat die Here in hulle gelê het. Dit vorm 'n belangrike deel van die essensie van Christelike liefde.



Dankie Here dat U ons gemeente seën met professionele en hardwerkende lidmate en amptenare!

# Só onthou ons afstigting en die jare daarna

*- Marietjie Richter*

Die afstigting van Moedergemeente na ons eie Rustenburg-Suidgemeente, was vir almal in 1958 'n groot bron van opwinding, maar terselfdertyd was daar die wete diep in ons harte dat hierdie "nuutbegin" 'n tydperk van baie harde werk ingelui het.

Sal ek ooit vergeet hoe ons almal in gietende reën die eerste sooi kom spit het voordat die fondasie gelê is? Die "strome van seën" wat ons daardie dag beleef het, het nog nooit in Rustenburg-Suid opgehou nie.

Wat 'n voorreg is dit vir my om met 'n dankbare hart terug te kyk na 50 jaar waarin ons Almagtige God dié gemeente op die hande gedra het. Natuurlik het die Vader ook voorsien in 'n hele rits wonderlike leraars wat ons uit Sy kragtige Woord onderrig het en talle gemeentelede kon 'n geestelike tuiste vind waarin ons almal vrede, sekuriteit en liefde kon ervaar.

My wens vir ons gemeente is dat God altyd hier verheerlik sal word, dat Hy die middelpunt van ons bestaan sal bly, dat ons 'n oase sal wees vir soekende mense en dat mense hier die vreugde van Jesus in 'n gebroke wêreld sal ervaar.



My opregte gebed vir Rustenburg-Suid: "Vader, stort steeds U seën oor ons uit, vergroot steeds ons grondgebied, neem ons elke dag onder U beskerming en weerhou onheil van ons sodat geen smart ons tref nie, amen..."

# Altyd nog 'n band

*Ds Johannes Kelber*

Toe ons in 1971 in die NG Kerk in Afrika Tlhabanegemeente bevestig is, het ons as gesin by Rustenburg-Suid ingeskakel. Ons hoofkerkgebou het in hierdie stadium te klein geword en ons het beplan om 'n groot kerk op 'n perseel oorkant President Mangope Tegniese Skool in Tlhabane te bou. Ons het onder meer by die kerkraad van Rustenburg-Suid hulp gevra.

Ds Odendaal wat vroeër self in die sending was, het my destyds aangeraai om die planne vir wyle Daan Hattingh te gaan wys - Daan het in daardie stadium op NG-Suid se kerkraad gedien.

Wat was ons vreugde groot toe die kerkraad besluit het om ons met 'n pragtige bedrag van R10 000 te help! In 1974 kon ons die kerk inwy en tot vandag toe dien dié gebou as ons hoofkerk. Julle gemeente het 'n blywende band met ons gemeente waarvoor ons die Here altyd dankbaar sal bly.

In my persoonlike hoedanigheid het Rustenburg-Suid al die jare bygedra tot my salaris totdat ek die tuig neergelê het. En selfs nou nog word daar gereeld 'n bedrag van R400 in my rekening inbetaal. Ek sien dit as 'n gebaar van liefde en waardering.

Ek sal altyd verbonde voel aan Rustenburg-Suidgemeente, sy leraars en die kerkraad. Baie seën word u toegebid vir die volgende vyftig jaar!

# Oor kollektebordjies...

Uit die motorhuis te Kockstraat 209 kom die geskree van 'n elekriese saag, 'n rukkie later die lawaai van 'n draaibank - kollektebordjies word gemaak.

Dit het vir weke só aangegaan. Elke middag na werk en Saterdae is daar 'n gewerskaf. 'n Skielike stilte volg: "Ounooi, kan ek asseblief 'n bietjie koffie kry - my keel is droog van al die stof!".

Ek los my kosmakery en maak die koffie wat vinnig gesluk word. Twaalf bordjies is gemaak en in gebruik geneem - dit is tot onlangs nog gebruik tot die meer praktiese kollektesakkies in gebruik geneem is.



Baie dankie aan die feeskomitee wat een van die bordjies aan my geskenk het. Dit het vir my sentimentele waarde en roep kosbare herinneringe by my op...

*Hetta Holmes*

# Ons dames in die kerkkantoor

## - onmisbare staatmakers...

Geen organisasie, skool, sakeonderneming of kerk kan sonder die rugsteuning van behoorlike kantooradministrasie funksioneer nie - so ook by NG Rustenburg-Suid.

Dit is egter wanneer 'n buitegewone gebeurtenis soos NG-Suid se Halfeeufees veel meer as die gewone van ons verg dat ons opnuut besef hoe onontbeerlik gladde kantooradministrasie en deeglike organisasie in dié enjinkamer van die gemeente is.

NG-Suid kan in hierdie spesiale Feesbylaag nie nalaat om namens al sy lidmate en projekleiers 'n spesiale woord van dank aan ons twee "administrasie-ambassadeurs" te rig nie.

Enigeen wat deur die loop van NG-Suid se vyftigste bestaansjaar by spesiale projekte betrokke was (inderwaarheid was alle projekte tog maar spesiaal) kan getuig hoe onmisbaar ons saakgelastigde - Marie Williams en haar assistent - Christa Stewart, in die kerkkantoor was.

NG-Suid besef dat die talle projekte in hierdie feesjaar groot druk op ons kantoordames geplaas het aangesien die "gewone" kantoorpligte hoegenaamd nie agterweë gelaat kon word nie. Daar was soveel vergaderings wat bygewoon moes word, soveel agendas en notules wat betyds vir die volgende vergaderings voorberei moes word, die kerk se finansies, dokumentasie ter bewys van lidmaatskap, doopgeleenthede, huwelike, begrafnisse en wat ook al op gereelde basis in enige kerk gebeur.

"En wat was vir julle die grootste uitdagings?", wou ons weet. "Dit is belangrik om te onthou dat ons met mense werk - en dit op sig self is reeds 'n groot uitdaging omdat geen twee mense dieselfde is nie. Alle mense se behoeftes en bekommernisse verskil tog en 'n groot deel van ons taak in hierdie jaar was om te probeer om almal gelukkig te hou", sê Christa en Marie - gewis nie 'n maklike taak nie.

In hierdie feesjaar was NG-Suid in die gelukkige posisie om veral iemand soos Marie te hê vir wie 'n kerkkantoor nie 'n vreemde milieu is nie. Marie werk reeds die afgelope 12 jaar in kerkkantore wyd en syd. Sy het aanvanklik begin by die NG Kerk Northam, daarna by die NG Kerk Suiderlig in Krugersdorp, ook by ons bure - die NG Kerk Bergsig en later ook by die NG Kerk Rustenburg-Wes voordat sy deel van die Suid-familie geword.

Marie is goed bygestaan deur Christa vir wie 'n kerkkantoor vanjaar 'n eerste kennismaking was - vir Christa was 2008 waarskynlik 'n vuurdoopjaar waarin sy haarself deeglik van haar taak gekwyt het.

"Nogtans was dit vir ons lekker om saam met soveel geesdriftige mense aan 'n gemeenskaplike doelwit te werk - ons kan ook nie nalaat nie om dankie te sê aan die mense wat saam met ons skouer aan die wiel gesit het en ons soms op 'n spesiale manier laat voel het dat wat ons doen, waardeer word".

"En natuurlik is alles die moeite werd - ons is trots om deel te wees van hierdie gemeente vir wie daar vanjaar 'n groot hoogtepunt aangebreek het. Ons is ook dankbaar vir die geleentheid om (hopelik) 'n belangrike aandeel daarin te kon hê - aldus Marie en Christa - twee van NG-Suid se staatmakerdames!



**Rustenburg-Suid se twee staatmakers in die kerkkantoor - Christa Stewart en Marie Williams.**



**NG-Suid se ywerige werkers wat vir ons waardevolle werk doen - Joël, Maria en Petrus.**

# Nuwe baadjie vir orrel

*Eunice van Wyngaardt - orreliste*

Een van die grootste projekte in 'n lang tyd was die opgradering van NG-Suid se orrel - 'n projek wat nagenoeg vier maande geduur het.

Met die voltooiing van die projek was daar 'n dramatiese verbetering in die geheelklank van die orrel waar te neem. Die orrel beskik nou oor meer drakrag en helderheid vir meer effektiewe gemeentesangbegeleiding asook die speel van kerkmusiekliteratuur.

Die hoofrede vir die opgradering van die orrel was die tekort aan bas in die pedaal en te min registers op die manuale wat die gemeentesang kon dra.


Die bekende Eddie Davey is as orreladviseur aangestel en Jan Zielman van Prestant Orrelbouers in Pretoria is vir die projek getaak.

Op die manuale is Mikstuur IV, Trompet 8', Naghoorn 8' en Prestant 4' aangebring. Op die pedaal is 'n Trompet 8' en Trompet 16' aangebring - algehele herintonasie is gedoen wat behels dat elke orrelpyp oopgemaak is om 'n voller klank te bied.

Dit was 'n belewenis om die vordering van die projek wat uiteraard baie fyn en presiese werk vereis het, gade te slaan. Die orrel is nou as't ware soos 'n kunswerk wat nuwe kleur gekry het. Die eindresultaat is 'n orrel met 'n fenomenale helder, klank en 'n gemeente wat op 'n verantwoordelike manier liedere se karakter kan ervaar en so tot eer van God kan sing.



NG-Suid se "nuwe" orrel is op Sondag, 17 Augustus, op feestelike en gepaste wyse met 'n orrelkonsert in gebruik geneem. Eddie Davey het as orrelis opgetree en is deur 'n aantal gaskunstenaars - onder meer Georg Fazakas, Abel Moeng, Peet du Toit, Abri van Wyk en die uwe bygestaan.



**REGS: Ds Sterns "kyk" of die orrelpypies reg gestem is terwyl Eunice en Jan Zielman toekyk.**



**Die gaskunstenaars met ons onvergeetlike Orrelkonsert in Augustus vanjaar toe NG-Suid se "nuwe" orrel in gebruik geneem is. Die kunstenaars is Peet du Toit, Abri van Wyk, Eunice van Wyngaardt (NG-Suid se orreliste), Georg Fazakas en Eddie Davey.**

# NG-Suid in rat vir volgende vyftig jaar!

*Waldie Volschenk: Voorsitter: Gemeentebediening*

In die kommissie: Gemeentebediening sal NG-Suid se Vyftigste bestaansjaar waarskynlik nog lank onthou word vir die talle hoogtepunte wat hierdie waterskeidingsjaar opgelewer het.

As daar gekyk word na die groei wat NG-Suid vanjaar en trouens, reeds die afgelope twee jaar ervaar het, kan ons nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat dinge by NG-Suid behoorlik aan die gebeur is en dat groei op allerlei terreine plaasgevind het.

Hoewel baie van die aksies wat as "groei" beskryf kan word, nie noodwendig uit Gemeentebediening ontstaan het nie, het dit onvermydelik daartoe gelei dat hierdie kommissie vooruitgang kon ervaar en makliker daarin kon slaag om sy rol in ons kerkstruktuur meer vaartbelyn te maak.

NG-Suid kon kwalik vir beter getuienis van groei vra as die toename in lidmaatgetalle wat hierdie gemeente oor die afgelope bykans 24 maande ervaar het. Nuwe gesigte het met bykans elke erediens by ons aangesluit en daar is reeds heelwat kostelike staaltjies van lidmate wat kan getuig hoe hulle weens groter besoekersgetalle hulle gereelde sitplekke in die kerkbanke moes prysgee.

Daar is min twyfel dat NG-Suid se Vyftig Jaarbasaar vroeër vanjaar sekerlik die suksesvolste in die geskiedenis van dié gemeente was en dat Suid daarin geslaag het om hierdie eens intieme kerkgeselligheid as't ware tot 'n gemeenskapsaksie te laat uitkring.

Een van die grootste hoogtepunte in ons kerk se onlangse geskiedenis was die opgradering van ons orrel - 'n reuse (en duur) projek wat baie lidmate in 'n stadium laat sidder het maar wat baie daartoe bygedra het om die gees en "klank" van NG-Suid verder uit te dra. Op die langtermyn hoef daar nie getwyfel te word oor watter invloed hierdie groot stap vorentoe vir ons gemeentesang gaan beteken nie - ons kan hier ook nie nalaat om te noem dat ons "nuwe" orrel tot 'n veel groter mate daarin slaag om ons werklik skitterende orreliste tot haar reg te laat kom nie!

Maar daar is ook meer as genoeg getuienis dat NG-Suid vanjaar ook reuse groei in ons gemeente-samehorigheid en ons verhoudinge met mekaar beleef het. Deur die loop van vanjaar was dit opvallend dat 'n nuwe gesindheid onder NG-Suiders posgevat het en dat ons weer een groot kerkfamilie geword het - 'n familie waarby almal van ons gemaklik by mekaar kan inskakel en wat skynbaar toenemend gewild onder "nuwe" kerkgangers geword het.

Hierdie kommissie is opreg trots om NG-Suid se vyftigste bestaansjaar te kan vier en is dankbaar om deel van so 'n groot mylpaal te wees wat uiteraard slegs deur volgehoue groei moontlik kon wees.



Ons is egter daarvan oortuig dat die belangrikste vorm van groei in die harte van mense plaasgevind het en dat ons opnuut geleer het om die Here te vertrou en Hom met oorgawe te dien!



**Wimpie en Marietjie Richter was die eerste egpaar wat in NG-Suid se kerkgebou in die huwelik bevestig is. Dié groot dag was 2 September 1961.**

# Onderlinge Sorg

## - 'n oorsig deur voorsitter: Dolf Smit

Die Kommissie van Onderlinge Sorg of Diens van Barmhartigheid soos dit voorheen bekend gestaan het, is een van die kommissies van dié gemeente wat veral deur die jare daartoe bygedra het dat Rustenburg-Suidgemeente bekend geword het as 'n gemeente wat omgee vir mense en intense meegevoel betoon met gemeentelede wat in nood verkeer of krisisse ervaar. Die kommissie het nog altyd gefokus op individue sowel as groepe en organisasies.

Die warmte wat mense in Rustenburg-Suid ervaar is juis omdat daar onder andere op individue gefokus word. In Suidgemeente is daar nog nooit in al die jare van sy bestaan opgehou om huisbesoek te doen nie. Huisbesoek is deurgaans deur leraars, ouderlinge, diakens en dienswerkers gedoen.

Die oom of tannie wat alleen in 'n kamertjie sit en nie meer eredienste kan bywoon nie, was nog altyd vir ons net so belangrik soos die groot huisgesinne wat elke Sondag sommer 'n hele kerkbank vol sit.

Terwyl daar in sommige kerke en gemeentes deesdae 'n tendens is om nie meer huisbesoek te doen nie, is die droom van Rustenburg-Suid se leraar en dienswerkers om op 'n gereelde basis persoonlike kontak met elke gemeentelid te hê. Só bly ons in voeling met mense se nood of krisisse. Deesdae meer belangrik nog, is dié persoonlike kontak mos die enigste manier hoe ons van mekaar se vreugdes bewus kan word om sodoende daarin te deel.



Op 20 Januarie 1968 het Henry en Netta Bruinette ook een van die eerste paartjies geword wat in die NG Kerk Rustenburg-Suid in die huwelik bevestig is.

Dit is dus vir ons 'n vreugde om te kan sê dat ds Sterns Pretorius in 'n kort tydperk sedert hy deel van ons familie geword het, reeds in die oorgrote meerderheid van ons gemeentelede se sitkamers gekuier het en steeds baie geesdriftig voortgaan met huisbesoek, hospitaalbesoek of berading waar dit nodig mag wees.

Ons is baie, baie dankbaar teenoor ons Here dat Hy ons geleer het om vir mekaar om te gee en daarom kan die volgende maar as voorbeelde genoem word van aktiwiteite wat deur dié kommissie geloods word:

* Ons Silwerkroneprojek waar daar op 'n maandelikse basis 'n byeenkoms gehou word om bejaardes te vermaak, lekker saam te kuier, saam te eet en speletjies te speel;

* Ons deurkollekte wat ons alimentasiefonds aanvul waaruit ons al so baie geldelike bystand verleen het aan gesinne wat swaar kry, honger ly, bydraes vir begrafnisse kon maak, blyplek vir mense kon verseker, klere gekoop het of bydraes vir jeuguitstappies gemaak het. Ons kan nie genoeg dankie sê hiervoor nie;



* Welsynshulp aan organisasies soos byvoorbeeld Kindersorg en Spes Bona;

* Bydraes aan ons ouetehuise vir losies van ons bejaardes;

* Ons jaarlikse Kersfunksie vir ons bejaardes waar hulle op 'n heerlike ete trakteer word.

Die kommissie wil baie, baie dankie sê aan elke ouderling, diaken en dienswerker wat vir jare lank getrou die opdrag van ons Here Jesus uitgeleef het deur jou naaste lief te hê en met deernis na mekaar om te sien. Meer belangrik nog - dankie aan elkeen wat 'n medemens na die Here gelei het en hom/haar nie alleen gelos het wanneer hierdie mense iemand of iets nodig gehad het nie.

Dankie Here Jesus dat u ons geleer het wat liefde is en dat U nog elke dag na ons omsien. Dankie dat U ons gebede verhoor en aan ons vrede en vreugde gee wanneer ons moedeloos raak. Dankie dat U aan ons 'n kerk gegee het waaraan ons kan behoort en waarin ons U saam met medegelowiges kan eer en dien!

Alle eer aan ons God Drie-enig.

# 'n Oorsig: Finansies en Eiendomme

*Voorsitter - Tielman Breedt*

Die afgelope twee jaar was opwindende jare met baie aktiwiteite maar ook veranderinge wat net die beste uit ons almal gehaal het. Van die hoogtepunte is soos volg:

**Eiendomme**

Talle belangrike sake rondom die gemeente se Eiendomme het aandag gekry - talle hiervan het oor die afgelope tyd 'n noodsaaklike kwessie geword. Bestaande geboue is opgradeer, ander is herstel en nuwes het bygekom. Veranderinge is gemaak aan die proksima in die kerk en nuwe badkamers en gordyne in die saal.

Dit was veral wonderlik om te sien hoe mense se harte en beursies oopgegaan het met spesiale fondsinsamelingsprojekte rondom die herbou van die orrel asook nuwe lokale, 'n koelkamer, vleiskamer en 'n buiteverhoog.

**Finansies :**

Met nuwe kommissies en voorsitters het die uitdagings wat aan finansies gestel is, nooit afgeneem nie. Uiteraard was geen begroting groot genoeg om in al die behoeftes en nuwe voorstelle te voorsien nie.

NG-Suid se basaar van 2007 was beslis die keerpunt. Met al die toewyding en deelname van die gemeente was dit die grootste basaar ooit en net die begin van "groot" dinge. Met die feesjaar voor die deur was dit net wat nodig was en skielik kom die uitdaging van 'n begroting vir die feesjaar wat niemand kon voorsien nie.

Getrou aan Sy woord het God aan al ons behoeftes voorsien.

Dit was vir ons 'n voorreg om deel van Rustenburg-Suidgemeente te wees en ek sien met groot verwagting uit na die jare wat vir ons voorlê. Aan God al die eer!



# Só het die jeug ons feesjaar ervaar

*Voorsitter - Elisna Coetzee*

Die feesjaar was in meer as een opsig 'n fees vir jeugbediening in ons gemeente en iets waarvoor ons die Here opreg dankbaar is.

Ons het vanjaar geleentheid vir juniorspeletjies tydens juniorkategese geskep om op dié manier verhoudings met ons kinders te bou. Dit was groot pret en het somtyds in 'n sopnat spulletjie ontaard.

Die vakansiepretweek tydens die Julievakansie groei jaarliks wat betref die getalle kinders wat bedien word, asook die betrokkenheid van gemeentelede en kinders wat as groepleiers optree.

Die senior-jeugaande op Vrydae-aande was en is steeds die aande waar ons 'n groot klomp pret het deur speletjies te speel, christelike dvd's te kyk, krale te ryg en ook God te loof en te prys vir dit wat Hy in ons lewens beteken.

Hierdie aande het ook die geboorte van die "Teens Love Christ" groep (TLC) tot gevolg gehad. Hierdie is 'n groep tieners wat graag 'n sigbare verskil in die samelewing wil maak deur spesiale projekte aan te pak waarmee hulle hierdie doel kan bereik.

Onder leiding van Deon Dreyer het die matrikulante 'n Bybelstudiegroep (MATJA) begin wat Sondagaande tydens seniorkategese in die koffiekroeg ontmoet.

Die sangbediening tydens Sondagaanderedienste het ook 'n nuwe baadjie aangetrek met die ontstaan van ons eie gemeente se "band" waarmee ons op 'n uitbundige manier die Here kon loof, prys en aanbid.

Ons kinders het vanjaar 'n groot verskil gemaak by die basaar met hul betrokkenheid by die speletjies en hulp by die kindertafel.



Die juniors het ook vanjaar twee opwindende uitstappies meegemaak. By die Geelhoutpark Kwekery het ons lekker melkskommel gedrink en diere gekyk. Ons het ook in die Kgaswane Natuurreservaat gaan stap en 'n heerlike dag afgesluit deur worsbroodjies te braai.

Ons vertrou dat die feesjaar vir ons jeug 'n waterskeidingsjaar was en dat daar met groter belangstelling en begrip oor die rol van ons jeug kennis geneem is.



**Ons jeug tydens 'n uitstappie na die DBV vroeër vanjaar.**

# Wat sê die jongklomp

Een van die grootste getuienisse van oplewing in NG-Suid is ongetwyfeld onder ons jeug waar te neem. Dit is nie 'n geheim dat dinge deesdae onder ons jeug behoorlik "kook" nie en dat daar op groot skaal vir ons jongklomp voorsiening gemaak word nie.

Vir die doel van dié feesbylaag is dit daarom net gepas dat ons ook by ons jongmense gaan kers opsteek het om hulle 'n bietjie oor hul ondervinding by NG-Suid te pols.

"Maak NG-Suid behoorlik vir sy jeug voorsiening?", wou ons weet:

Dié vraag word met 'n oorweldigende "ja" beantwoord. "Daar is deesdae baie aksies en spesiale aktiwiteite wat die Suid-ondervinding vir die jongklomp spesiaal maak. Dink byvoorbeeld aan die Pretweek vir die jeug, spesiale geleenthede soos die Jeugaand, 'n Jeugselgroep, ons kategese wat sommer vol "gees" is en natuurlik, heerlike uitstappies soos om te gaan ysskaats". "Ons hou ook van NG-Suid se eie "band" (orkes) wat die jeug behoorlik laat voel dat hulle behoeftes in ag geneem word en dat daar vir hulle voorsiening gemaak word".

Ons wou ook weet watter aktiwiteite vir ons kinders spesiaal is en hoe hulle ons eredienste ervaar? Dit is duidelik dat ds Sterns baie gewild onder die jongklomp is. "Ds Sterns se preke is almal vir ons spesiaal - ons hou van die manier hoe hy met oulike "stories" (waarmee hy baie van sy preke inlui) die jeug direk aanspreek en hulle as't ware by "grootmensdinge" betrek, die feit dat hy nie skaam is om 'n tikkie humor by sy preke in te werk nie en dat hy verstaan hoe kinders se koppe werk en weet hoe hul harte klop. Sy preke is altyd maklik om te volg en hy is ook modern - "with it" - soos die jongmense graag sê. Dit is duidelik dat daar kinders in sy huis is."

"Wat ervaar julle by NG-Suid - veral ten opsigte van julle onlangse belydenis-aflegging - wat sal maak dat julle lidmate van hierdie gemeente sal bly?"

"Ons hou van die opwindende, nuwe gees in die gemeente. Ons ervaar die betrokkenheid van mede-lidmate by ons aktiwiteite en kry die indruk dat die ouer mense daarvan hou om by ons betrokke te wees en met ons geassosieer te word. NG-Suid is deesdae soos 'n familie waarvan ons almal deel is - ons ervaar die spontane samesyn van mede-gelowiges en opregte liefde tussen gemeentelede. Dit is vir ons lekker om as 'n belangrike deel van NG-Suid erken te word."

"Natuurlik was die belydenis-aflegging vir almal van ons 'n spesiale gebeurtenis - nie net vir ons interpersoonlike verhoudinge nie en ons "nuwe" rol as volwaardige lidmate van ons gemeente nie - maar ook in ons verhouding met God, laasgenoemde natuurlik die belangrikste. Baie van ons het by NG-Suid begin en ons sal graag hier wil aanbly om eendag die leiding te neem wanneer ons volwassenes is.

Maar kan ons jongmense getuig dat hulle die teenwoordigheid van God en die werking van die Heilige Gees in NG-Suid ervaar? Ook hier is duidelike "ja" die enigste antwoord.

"Elkeen van ons kan getuig dat ons God by NG-Suid ervaar - by spesiale aktiwiteite en aksies soos jeugaande wanneer ons met die dinge van die Here besig is, weet ons dat God in ons midde is en dat Hy hou van dit waarmee ons besig is. Selfs al is dit groot pret - weet ons dat God by ons is - dit spoor ons aan om goeie werk vir Hom te doen. Dit is ook 'n duidelike gewaarwording dat God ons gebede verhoor - ons weet waarom ons hier is en wat ons rol eendag by NG-Suid gaan wees.



**'n Groepie van NG-Suid se belydenisklas wat vanjaar te midde van dié gemeente se halfeeufees belydenis van geloof afgelê het. Die Feesbladredaksie het met dié jongklomp oor hul ervaring in ons gemeente gesels. Op die foto is Brian Stewart, David Haig, Angelo Smith, Jennifer Smith, Gerda van Wyngaardt en Marcelle Pretorius.**

# Oom Bossie Bosman - 'n legende

Oom Bossie Bosman, vir baie jare reeds die oudste lidmaat in NG-Suid, bevind hom tans op die vooraand van 'n merkwaardige prestasie en geskiedkundige gebeurtenis. Oom Bossie sal DV op 1 Februarie 2009 sy honderdste verjaarsdag vier - 'n mylpaal wat elke lidmaat van dié gemeente Oom Bossie en sy familie opreg toebid!



**Oom Bossie Bosman - 'n legende in NG-Suid!**

Oom Bossie (Jacobus Petrus) Bosman is in Februarie 1909 op die plaas Bergkatsfontein in die Piketbergdistrik gebore. Oom Bossie was een van nege kinders.

Oom Bossie was toevallig vroeër vanjaar by die 100ste bestaansjaarvieringe van die NG Kerk Aurora waar hy bykans 100 jaar gelede gedoop is - hy is uiteraard wil 'n mens amper sê - die oudste dopeling van dié gemeente.

Daar is min twyfel oor die feit dat oom Bossie 'n lewende legende in Rustenburg en veral in Suidgemeente geword het. Oom Bossie was geroep vir die onderwysberoep en was sy lewe lank 'n onderwyser - hy het veral in Geskiedenis, Wiskunde en Afrikaans uitgeblink.

As jong man het oom Bossie die onderwysberoep in 1932 in Wolmaransstad betree. Hy is op 15 Desember 1936 in Leeudoringstad met Martha Jacoba (Metty) Rall getroud en drie kinders is uit die huwelik gebore.

In die jare daarna het oom Bossie Suid-Afrika letterlik deurkruis en het in talle onderwysposte gedien voordat hy uiteindelik in 1957 'n pos by die Hoërskool Rustenburg aanvaar het. Oom Bossie en sy gesin het in 1959 van die eerste lidmate van die NG Kerk Rustenburg-Suid geword. Hier het hy nog 'n stukkie geskiedenis gemaak deur in sy termyn onder vier predikante op die kerkraad te dien.

Hy was oor dekades heen 'n geliefde onderwyser by die Hoërskool Rustenburg totdat hy in 1974 afgetree het. Oom Bossie was vir slegs een jaar op pensioen voordat hy sy onderwysloopbaan in 1976 by die destydse Lucas Mangope Technical High School hervat het. In 1988 het hy die tuig finaal neergelê.


Dit is alombekend dat oom Bossie steeds ten spyte van gevorderde ouderdom baie aktief is. Kort voor die Feesblad-redaksie se onderhoud met hom was oom Bossie nog besig om te skoffel op die plot net buite Rustenburg waar hy by sy kinders woon.

Oom Bossie kan nog goed onthou hoe hy en mnr Nic Vermaak in 1974 afgevaardig is om die NG Kerk se Sinodesitting in Pretoria by te woon. Dit was in dié tyd dat daar baie oor die moontlike afstigting van die NG Kerk Proteapark gepeins is. Die Sinode het trouens, aanbeveel dat daar nie met afstigting voortgegaan word nie omrede die gemeente(s) se geldsake dit nie regverdig het nie. Die afstigting van Proteapark het egter in latere jare 'n werklikheid geword.

Die NG Kerk Rustenburg-Suid wens oom Bossie voorspoed en goeie gesondheid toe - "mag ons in Februarie aanstaande jaar saam met u en u familie in u vreugde deel!"



**Die bevestiging van ds Sterns Pretorius - die plegtigheid is deur dr Herman Jansen waargeneem.**




**Ds Sterns Pretorius en sy gesin word aan NG-Suid voorgestel. Van links is Marcelle, Ruan, Ilze, Mariaan en Sterns.**









Die hoogtepunt van NG-Suid se vyftigste feesjaar was voorwaar 'n naweek van fees vier en 'n welkome weersiens van ou vriende! NG-Suid bedank almal wat bygedra het om van hierdie reuse mylpaal 'n onvergeetlike jaar te maak!





# Ons geskiedenis

## Linda Grobler

Die kerkraad van Moedergemeente het gevoel dat afstigting nodig was as gevolg van geweldige uitbreiding onder Rustenburg se platinamyne. Kort nadat dié besluit geneem is, beleef die mynbedryf egter verskeie terugslae as gevolg van 'n insinking in wêreldmarkte.

Talle mense verlaat Rustenburg maar keer later terug. Moedergemeente se getalle - ook dié van die nuwe gemeente het in 'n stadium kwaai gewissel en afstigting vertraag. Rustenburg-Suidgemeente stig finaal af van Rustenburg Moedergemeente op 28 November 1958. Eredienste word in die skoolsaal van die Hoërskool Rustenburg gehou.

Ds G Reynecke word as nuwe leraar beroep. Onder sy leiding het die kerkraad dadelik begin dink aan 'n kerkgebou. Die wisselende Platinaprys het egter 'n invloed op die grootte van die kerkgebou. Die konsepplan was aanvanklik heelwat groter as die huidige. Die kerkraad besluit om eerder versigtig te wees en 'n kleiner gebou op te rig.

**Nuwe plan**

Die argitekte stel voor dat die struktuur dieselfde bly maar dat 'n gedeelte in die middel van die plan uitgesny word en die twee buitenste dele behou word - dus 'n kleiner gebou met basies presies dieselfde plan. Met die toets van die grond vir die bouproses wat sou volg, is gevind dat dit leemgrond is. Die gevolg hiervan was dat die kerkgebou op sementpilare van ongeveer 20 meter diep in die grond gebou word.

**Weer te klein**

Die gebou het spoedig geblyk te klein te wees en twee vleuels is aangebou wat die huidige kerkgebou die vorm van 'n kruis laat aanneem het. Daar is pragtige simboliek gebruik met die bou van die kerk. Die klippe in die mure sou die "boustene" wees waarvan die Bybel praat en die lampskerms wat uit die dak hang, "druppels van seën".

**Kansel**

Die kansel is in die vorm van 'n omgekeerde eierkelk gebou en is geskenk deur Zaag en Katie Celliers. Die symure is van klip gebou. Die gebou het ook met 'n skuifdeur gespog wat die kerk en die portaal van mekaar geskei het.

**Amptelike inwyding**

Die kerkgebou word amptelik ingewy gedurende die naweek van 19 - 20 November 1960.



Op Saterdag, 19 November, om 15:00 word die kerkgebou ingewy en om 19:30 die orrel. Met die inwyding van die kerk het mev Reynecke die deure oopgesluit en verwys na die woorde van Paulus in Rom. 11:33-36: "O, diepte van rykdom en wysheid en kennis van God. Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë".

Tans is daar slegs vyf stigterslede, Hetta Holmes, Wimpie & Marietjie Richter, Bossie Bosman en Annetjie Herbst in die gemeente.

Daar is tans nog twee lidmate in die gemeente (waarvan ons weet) wat onder die eerstes was wat in dié kerkgebou in die huwelik bevestig is - Wimpie en Marietjie Richter asook Henri & Netta Bruinette.

**Uitbreiding van kerkeiendom**

Die eerste pastorie te Boshoffstraat 58, was deel van NG-Suid se bruidskat van Moedergemeente. Die twee huidige pastorieë is deur die kerkraad gebou. Eers Krugerstraat 199 en 'n paar jaar later Krugerstraat 197.

Die kerksaal word op 3 Oktober 1975 deur di DS Jacobs en MW Odendaal in gebruik geneem. Aanvanklik is twee rye katkisasielokale aangebou. Later is badkamers en 'n kombuis aan die een vleuel asook 'n kantoor en 'n verhoog aan die ander vleuel aangebou. 'n Dak is tussen die katkisasielokale opgerig wat die saal sou vorm. Mnr Bun Malan was die bouer.



**'n "Lugfoto" van Suidgemeente - die foto is na afloop van ds Sterns Pretorius se bevestiging geneem.**



PRINTED BY NORTH WEST WEB PRINTERS (PTY) LTD. TEL: 014 592 8329